

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 15 Januarie 2017

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: Jes 61: 1-3, 10-11 en Kol 2: 6-11.

Fokus: Jes 61: 1-3 (OAV).

Bergbron: Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding (2017).

Omgee:

- Gerida van Tonder se pa is Woensdag, 'n week terug oorlede. Die gedenkdiens was Vrydag.
- Gerida se susterskind, Santjie Mooiman, is ook oorlede en die begrafnis is Maandag.
- Su-Marie van Tonder herstel na 'n galblaasoperasie.
- Martina le Roux sukkel met nierprobleme en hoofpyne.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings: ...

- Die volgende Oorwinnaarsnaweek word beplan vir 3-5 Feb by Linden GK. Registrasie kan by Celeste Mulder (082 372 8684) gedoen word.
- Die kinderkerk (09:00) en die aandredienste (17:30 in die vorm van Toerusting vir ons gemeentelede) begin weer van vandag af.
- Daar is behoefte aan **helpers by die Kinderkerk** – gesels met ds Stephan of Ankie as jy haar en Michelle kan help, asb.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – Elma Mulder se groepie skink vandag. Die nuwe rooster sal by haar beskikbaar wees vandag.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Gebed – Retreat 28 Jan '17

By 'n Gebedsgeleentheid op Woensdagaand (11/01) het ons beplan en gebed vir 'n gebeds *retreat* op Saterdagoggend, 28 Jan, by Bergbron Gemeente.

Bidders en volgehoue gebed dra 'n Gemeente. Ons is so bevoorreg om soveel lidmate te hê wat biddend is.en spontaan deelneem aan gebed, hetsy in groepe of alleen in hulle binnekamer.

Dan het Bergbron Gemeente 'n unieke *redemptive gift*. Ons is 'n Gemeente wat verskeie bedieninge huisves. Vanuit Bergbron gebeur dinge na buite. Ons naam verkondig dit: Ons is 'n *Bergbron*.

Vanuit Bergbron is daar bediening soos:

Oorwinnaars en Heilige Gees kursus wat plaaslik en na buite werk asook Victory in Christ.

Jeug bediening; Skole bediening na De La Rey en Die Burger skole

Kindergebedsnetwerk S A wat plaaslik en na buite werk

Gebedsbediening vir manne wat 'n Whats App groep bediening is

Die vroue intersessiegroep wat 'n Whats App groep bediening is en ook na buite bid.

Tiener gebedsbedienings by Linden, Florida en Die Burger Hoërskole.

Gemeente bedieninge binne die Gemeente: Senior Gebedsgroep Woensdae, Vroue-aksie met werksaamhede, Finansies en Batebestuur, Kerkraad, Leraars, Musiek-bediening, Kantoor personeel

Elke bediening het beplanning vir 2017 en het natuurlik reeds projekte in plek.

Kom ons kom Saterdagoggend die 28ste as Gemeente en bedieningslede van buite en gaan sit aan die voete van die Here. Ons vra op grond van Spreuke 3:4,5 “Here hier is ons beplanning, Wat is U hart vir ons in 2017? Here ons vra nie wat is U wil vir elke bediening nie, ons vra wat is U wil.? Amen

Oordenking: Die res is geraas - Geneem uit Kruispad deur Gerjo Ben Filippense 3:4-11

Paulus gee ons 'n vinnige kykie in sy *BC (before Christ)* dae. Voorwaar 'n voorbeeld vir ander om na te volg. As daar in Paulus se kerk 'n kompetisie moes wees vir die beste voorbeeld van 'n hoogheilige sou Paulus dit seker elke jaar gewen het.

Kyk net na Paulus se lewe:

4 Op menslike vlak kan ek 'n lang lys dinge opstel wat julle baie sal beïndruk. Luister net. Ek is deur en deur 'n Israeliet. Soos van elke goeie, gelowige Israeliet verwag word, is ek op die agtste dag besny. Dan is ek ook nog deel van die room van die Israeliete: ek is 'n Benjaminiet. Ek is vlot in die Hebreeus wat in die godsdienstige byeenkomste van die Jode gebruik word, en nie elkeen kan dit sê nie. Ek was ook 'n lid van die party van die Fariseërs, 'n groep wat die Joodse wet stiptelik nakom.

Not too shabby, dink ons almal hardop. Maar dit hou nie hier op nie. Paulus neem sy geloof so ernstig op dat hy bereid is om te moor daarvoor:

6 In daardie tyd was ek so ernstig oor my Joodse godsdiens dat ek al wat Christen was, ywerig vervolg het. Ja-nee, volgens die Joodse wet het ek nie 'n voet verkeerd gesit nie.

Maar toe gaan Paulus se oë oop en hy sien die lig raak. Hy kom van aangesig tot aangesig in kontak met die Gans Andere en sy hele wêreld draai 180 grade om:

7 Al dié dinge was eers vir my ook baie belangrik. Maar Christus het my oë laat oopgaan. Dit het glad geen waarde meer vir my nie. Ek het besef hoe dit 'n mens se aandag kan aftrek van wat regtig belangrik is, en dit is dat ek Christus Jesus as my Here leer ken het.

Alles wat voorheen vir Paulus belangrik was, die onderhouding van al die wette en wat nog als, raak skielik so onbelangrik. Hoekom? Want hy het vir Jesus ontmoet. Wanneer jy Jesus se wêreld betree, raak alles anders niks.

Ek sit vroegoggend langs 'n lagoon. Die visse spring een vir een uit die water. Ek probeer verstaan wat beteken die teks vir my. Dit slaan my skielik voor my bors en ek skrik eintlik toe ek 'n prentjie van my eie lewe sien. Ek besef dit gaan nie oor hoeveel mense op die Kruispadverspreidingslys is nie. Dit gaan nie oor hoeveel gebedsversoeke ons per dag hanteer nie. Dit gaan nie oor hoeveel mense ons per dag pastoraal bystaan nie. Dit gaan nog minder oor hoeveel keer ek kerk toe gaan of selfs wat ek vir ander mense doen. Alles, ja alles, gaan eintlik net oor Jesus.

So maklik trek aardse dinge, al is dit 'n bediening of kerk, jou aandag af van jou verhouding met Jesus. Die heel belangrikste gebeurtenis in 'n mens se lewe is jou verhouding met Jesus. Die res is geraas, soos 'n vriend van my altyd sê.

Ek besef weereens dat daar baie ander dinge my lewe is wat belangriker as my verhouding met Jesus is. Dit is presies wat die duiwel doen. Hy jaag ons aan om meer te doen vir die Here. Meer tyd te spandeer om goed te doen vir ander en in die proses word ons weggelok van 'n intieme verhouding met Jesus.

En weereens het ek in die gat getrap. Ek sit vas in die wip.

Kom ons gryp die uitdaging met albei hande. Kom ons raak bewustelik ontslae van die geraas en kom ons sit al ons energie in 'n kragtige, intieme verhouding met Jesus.

Toe!

Om oor na te dink

Wat is die geraas wat jou weglok van tyd met Jesus?

Hoe kan jy van die geraas ontslae raak?

Wat is vir jou belangriker as jou verhouding met Jesus?

Gebed: Ons Vader wat in die hemel is, ek besef dat my lewe te veel geraas het. Daar is so baie ander dinge wat baklei vir my tyd. Ek begeer met alles in my 'n intieme verhouding met U. Help my om U weer in die middel van my lewe te kry. Amen

Die Lewende Woord vir Jou Vandag

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Jes 61: 1-3, 10-11 en Kol 2: 6-11.

Fokus: Jes 61: 1-3 (OAV).

Bergbron: Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding (2017).

1. Die Groeiplan.

- Vlak 1 dissipelskap (Kol 2: 10): **Vestiging van jou identiteit in Christus** deur die *Oorwinnaarsnaweek (Victory in Jesus Christ – Soweto)* en die daaropvolgende Heilige Gees seminaar.
- Vlak 2 dissipelskap (Kol 2: 7): **Opgroei in Christus** deur te leer om jou identiteit in Christus uit te leef in verhoudings (*Family Foundations International vlak 1 and 2*), *L-10-T* as evangelisasie toerusting, en verdere toerusting soos *Oorwinnaars vir jou Finansies, droom kursus, Oorwinnaars vir huwelike, Oorwinnaars vir kinders en Fasiliteerdersopleiding*.
- Vlak 3 dissipelskap (Kol 2: 6): **Wandel in Christus** deurdat jy 'n al hoe meer leidende rol in jou selgroep en in die gemeente vervul. Jy gebruik jou gawes in die *selgroep* en is betrokke in 'n *diensgroep* van die gemeente.

2. Die Versorgingsplan.

- **Liggaam**-model van 1 Kor 12-14: Die gemeente as liggaam van Christus funksioneer in *selle* waar elke gemeentelid sy of haar gawes gebruik tot opbou van medegelowiges.
- In die selgroepe word die ruimte geskep dat gelowiges die vyf doelwitte van die Groot Gebod en die Groot Opdrag kan uitleef, nl uitreik na ander, omgee vir mekaar, gawes gebruik, geestelike groei en aanbidding van God.
- Elke selgroep het 'n versorgingsgroep waarnatoe uitgereik moet word.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Verduidelik die groeiplan in jou eie woorde.
- Verduidelik die versorgingsplan in jou eie woorde.
- Het jy enige kommentaar op die groeiplan?
- Het jy enige kommentaar op die versorgingsplan?

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

16/01 ANTON ERASMUS (JUNIOR)

011 477 5240

17/01 JANETT JANSE VAN RENSBURG

084 951 9078

17/01 DIRK KOTZE

079 713 7920

Mag die Here jou oorvloedig seën